

DIE PROBLEME EN WAARDE VAN EIETYDSE HISTORIESE NAVORSING

Intreerede deur P.W. Coetzer
Instituut vir Eietydse Geskiedenis
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
9 Maart 1994

**DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN**

ISBN 0 86886 515 X

1. INLEIDING

Kontemporêre of eietydse geskiedenis word vandag in Suid-Afrika in 'n baie groter mate in die geskiedskrywing en in die leergange van universiteite en skole beoefen as wat die geval so onlangs as drie dekades gelede was. Dit op sigself is verblydend, aangesien die RSA oor baie jare 'n agterstand teenoor Europa en die VSA gehad het. Die rede waarom Suid-Afrikaners dikwels van die eietydse geskiedenis wegsgram, is omdat dit 'n gevaarlike onderwerp is om te hanteer. Die terrein van die eietydse geskiedenis is inderdaad plofbaar, veral omdat tydgenootlikes vertolkings en uitsprake kan bevraagteken en aan die groot klok kan hang. Veral staatsmanne en politici sal verkies dat hulle flaters en wanopvattinge nie te gou aan die algemene publiek bekend sal wees nie. Eietydse historici wat hulle waag aan biografieë oor lewende politici sal byvoorbeeld uiters versigtig wees om geen omstrede uitsprake te maak wat moontlik tot lasteraksies kan lei nie. Kritiek op sodanige persone is dikwels ook in 'n groot mate as gevolg hiervan getemper. Meer nog: dokumente wat later beskikbaar gestel word, kan die historikus se weergawe van eietydse gebeure weerspreek, vandaar Dutt se uitspraak: "Anyone who attempts to write contemporary history in any more durable form than a current journalistic article is laying his head on the block for the executioner."¹

Tog bly eietydse geskiedenis 'n besonder belangrike terrein van historiese navorsing. Barraclough het tereg gewaarsku dat indien die opgeleide historikus nie die eietydse geskiedenis ontleed nie "the field is left to those who offer a false and distorted version of what has happened", die terrein van die joernaliste en propagandiste.² Die kennis van die onmiddellike verlede is inderdaad vir elke nuwe geslag van belang ten einde hul eie rol in 'n toekomstige Suid-Afrika te begryp.

Omdat daar soms vaagheid en onduidelikheid oor die begrip "eietydse geskiedenis" bestaan, is dit noodsaaklik om dit presies te omskryf.

Die woord **geskiedenis** is afgelei van die Duitse woord "geschehen" en dit beteken dit wat gebeur het of die gebeurde. Die woord **historie** is weer afgelei van die Griekse woord "historia" en beteken letterlik ondersoek.³ Geskiedenis is dus die ondersoek van dit wat gebeur het.

Die woorde **eietyds** en **kontemporêr** het dieselfde betekenis. Die **HAT**⁴ beskryf dit as van jou eie tyd; uit die tyd waarin jy lewe; wat tot dieselfde tyd behoort; tydgenootlik of hedendaags. Eietydse geskiedenis is dus letterlik die ondersoek van dit wat in jou eie leeftyd gebeur het.

1 R.P. Dutt, **Problems of contemporary history** (London, 1963), p. 6.

2 Geo Barraclough aangehaal in M.C.E. van Schoor, "n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis" in **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal**, 1(1), November 1969.

3 F.A. van Jaarsveld en J.I. Rademeyer, **Teorie en metodiek van die geskiedenisonderrig** (Johannesburg, 1973), p. 1.

4 F.F. Odendal, redakteur, **HAT** (Perskor, 1982), pp. 194 en 600.

Vir jare lank is hierdie begrip as 'n **contradictio in terminus** beskou, want hoe kan die verlede dan eietyds wees? Hierdie standpunt slaan terug op 'n ou en uitgediende opvatting dat daar eers 'n eeu, of vyftig jaar, of hoe lank ook al, moet verloop voordat 'n gebeurtenis bestudeer kan word.⁵

Aangesien eietydse geskiedenis 'n vae begrip is,⁶ word verskillende benamings daarvoor in verskillende lande aangetref, naamlik begrippe soos "contemporary history", "current events", "current history", "current affairs", "history of our own time", "nuutste geskiedenis", "zeitgeschichte" en so meer.⁷ "Contemporary history" of "zeitgeschichte" is in Afrikaans al vertaal met "kontemporêre", "tydgenootlike", "huidige", "resente", "nuutste", "tydsgeskiedenis" of "eietydse geskiedenis".

Hoewel daar aanvanklik sekere besware teen die term **eietydse** was en historici soos Van Schoor en Giliomee⁸ die term kontemporêr verkies het om hierdie tipe geskiedenis te beskryf, blyk dit tans dat die term "eietydse" in Afrikaans inslag gevind het omdat dit die tydperk beskryf "wat die historikus as selfdeurleefde of selfervaarde meegemaak het".⁹

Die begrip "eietydse geskiedenis" het vir sommige 'n veel breër betekenis as bloot die gebeure wat in die historikus se eie leeftyd plaasgevind het. Daar bestaan tans drie sieninge van dié begrip:

- ° **Die siening gebaseer op periodisering**, waarvolgens 'n beginpunt vir die periode wat as eietydse geskiedenis geïdentifiseer word, vasgestel word. Volgens Waites¹⁰ is 1789 vir 'n geruime tyd reeds in Frankryk as beginpunt aanvaar, terwyl dit in Duitsland weer 1914 is. Hans Rothfels beskou 1917 as 'n geskikte aanvangsdatum vir eietydse geskiedenis in wêreldverband, teenoor Geoffrey Barraclough wat 1890 as die geskikste datum vir die aanvang van kontemporêre geskiedenis ag.¹¹ In Suid-Afrika gee Giliomee voorkeur aan 1910 of 1912 (Uniewording en die stigting van die ANC), terwyl Van Jaarsveld weer 1945 voorstel. (Die buitelanders Dutt en Tosh verkies ook 1945.) Ritter omskryf eietydse

5 M. Broodryk, "Die stand van Eietydse Geskiedenis in die RSA" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 15(3), Desember 1990, p. 92; G. Barraclough, **An introduction to contemporary history** (New York, 1964), pp. 6-7.

6 L.P. Ribuffo, "The burdens of contemporary history" in **American quarterly**, 35(1-2), 1983, p. 5.

7 L. Woodward, "The study of contemporary history" in **Journal of Contemporary History**, 1(1), 1966, p. 1.

8 M.C.E. van Schoor, "'n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis" in **Rondom die eietydse geskiedenis** (Bloemfontein, 1971); H.B. Giliomee, "Onoorkomelike besware teen kontemporêre geskiedenis" in **Standpunte**, 22(3), Februarie 1969, pp. 40-51.

9 F.A. van Jaarsveld, "Eietydse geskiedenis" in **Standpunte**, 19(3), Februarie 1966, p. 11.

10 Waites in D.C. Watt, **Contemporary history in Europe** (London, 1969), p. 91.

11 Baldo Scheurig, **Einführung in die Zeitgeschichte** (Berlyn, 1962), p. 7; Geoffrey Barraclough, **An introduction to contemporary history** (London, 1967), p. 24 et seq.

geskiedenis rofweg as die geskiedenis van die twintigste eeu.¹² Persoonlike voorkeure speel hier 'n sterk rol. Vir my sou die Tweede Wêreldoorlog 'n goeie beginpunt vir Suid-Afrikaanse eietydse geskiedenis wees, naamlik toe Suid-Afrika vir die eerste keer in wêreldverband (VVO) met sy allesoorheersende hantering van swart en bruin mense te doen gekry het. Dit het 'n nuwe era, 'n geskiedenis van ons eie tyd, ingelui, aangesien dit die beginfase van 'n nuwe Afrikabewussyn en sterk swart nasionalisme was wat noodwendig met kwelvrae oor die toekoms van ons land gepaard gegaan het. Suid-Afrikaners se oë is inderdaad sedert 1945 toenemend na buite, na die noorde, gedraai.

Tog bly dit baie moeilik om eietydse geskiedenis by wyse van datums te periodiseer, aangesien die aanvangsdatum van hierdie tipe geskiedenis deur die gekose onderwerp van navorsing of studie bepaal word. Die enigste voorbehoud is dat die onderwerp steeds op meelewing in eietydse gebeure gerig moet bly, dit wil sê dit moet binne die tydvak van meelewendes of die geskiedenis van die jongste verlede lê. Alles dui daarop dat kontemporêre geskiedenis nie aan die reëls van streng inperking onderwerp kan word nie, ewe min as wat ons in staat is om byvoorbeeld die geskiedenis van die Middeleeue deur vaste datums in te perk.

- **Die siening gebaseer op seleksie**, waarvolgens die mees akuele en brandende tydgenootlike vraagstukke geïdentifiseer en die ontwikkeling daarvan nagespoor word.¹³ Hierdie siening slaan op die Italiaanse filosoof en historikus, Benedetto Croce, se bekende uitspraak dat "... every true history is contemporary history". Daardeur het hy bedoel dat die enigste geskiedenis van betekenis daardie gebeure in die verlede is wat eietydse relevansie het.¹⁴
- **Die siening gebaseer op metodologie**. Barnes het aangevoer dat die eietydse historikus in die posisie is om geskrewe en mondelinge getuïenis te vergelyk. Volgens hom is dit hierdie kwaliteit wat eietydse geskiedenis sy unieke karakter gee: "In other words the essence of the word 'contemporary' in contemporary history lies in methodology and not in period, in the interaction of living testimony and documentary sources."¹⁵

12 O. Geyser, "Die huidige stand van die historiografie van die eietydse geskiedenis in Brittanje, Duitsland, Frankryk, Italië en Holland" in **Rondom die eietydse geskiedenis** (Bloemfontein, 1971), p. 5; H.B. Giliomee, in **Standpunte**, 22(3), p. 51; F.A. van Jaarsveld, in **Standpunte**, 19(3), p. 11; J. Tosh, **The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history** (London, 1984), p. 22; Barraclough (1967), p. 29; Dutt, p. 16.

13 G. Ritter, "Scientific history, contemporary history and political science" in **History and theory**, 1(3), pp. 65-6.

14 Aangehaal in H. Meyerhoff, ed., **The philosophy of history in our time** (New York, 1959), p. 46; G. Connell-Smith en H.A. Lloyd, **The relevance of history** (London, 1962), p. 5.

15 Barnes in Watt, p. 40.

Die eietydse historikus neem deeglik kennis van hierdie drie sienings. Wat vir hom egter van belang is, is dat hy self 'n baie duidelike persepsie moet hê van wat hy as eietydse geskiedenis beskou.

2. VOORORDELE TEEN EIETYDSE GESKIEDENIS

2.1 Gebrek aan beskikbare bronnemateriaal

Volgens die Gewysigde Argiefwet van 1979 is staatsdokumente vir 'n periode van minstens 30 jaar gesluit.¹⁶ Vir die kontemporêre historikus is dit 'n besliste nadeel dat amptelike dokumente oor resente gebeure nie meer gereedlik beskikbaar is nie.

Hierdie leemte is vir die eietydse historikus geen onoorkomelike struikelblok nie omdat daar meer as genoeg ander bronne beskikbaar is, soos dokumente in private argiewe en biblioteke, memoirs, bronnepublikasies, nuusblaaie, tydskrifte, radio- en televisie-uitsendings, rolprente, mondelinge onderhoude op kassetbande, ensovoorts. Dit kan trouens gebeur dat die kontemporêre historikus soms met 'n oormaat bronnemateriaal gekonfronteer word. Hierdie eietydse bronnemateriaal vereis uiteraard 'n ander gespesialiseerde kundigheid en ander tegnieke as dié van die argeoloog of van die tradisionele historikus. Bloot die tegniek van doeltreffende onderhoudvoering vereis besondere kundigheid. Met die baie resente en akuele projek oor die onderhandelinge vir 'n nuwe grondwet vir die RSA waarmee INEG tans besig is, is die belangrikheid van doeltreffende onderhoudvoering deeglik onderskryf. Dit behels onder meer intensiewe voorbereiding, sorgvuldige bewoording en sistematisering van vrae, die opvolg van onduidelikhede of bevestiging van die reaksie van ander respondente, die uitklar van leemtes, gesonde menseverhoudinge en takt, 'n gebalanseerde en nugtere uitkyk op die politiek, goeie diskresie, die daarstel van 'n vertrouenssituasie met die respondent, ensovoorts.

Dit is juis uitstaande historiese gebeurtenisse soos dié wat onverwyld met mondelinge navorsing opgevolg moet word. Die atmosfeer en stemming waarin gebeure afgespeel het, gaan dikwels oor dekades verlore; emosies en kontoere vervaag baie gou, vandaar die belangrikheid van onderhoudvoering so spoedig doenlik ná of tydens 'n uitstaande historiese gebeurtenis. Benewens die feit dat respondente se getuienis teen mekaar opgeweeg kan word in die soeke na die waarheid beskik geen dokument oor meer inligting as juis die mens wat dit intensief beleef het nie. Minder as 20 jaar na die 1914-rebellie het Neame geskryf: "The full story will never be completely written. In much of it the deciding force was the spoken word which is to-day lost, and even if it could be recovered one could not create the strange atmosphere in which thousands of men acted in a sort of midsummer madness."¹⁷ Kortom: die voer van onderhoude met persone wat 'n aandeel aan belangwekkende historiese gebeure gehad het, is inderdaad een

16 **Staatskoerant RSA 1979**, 166, kolom 6393.

17 L.E. Neame, **General Hertzog** (London, 1930), p. 172.

van die waardevolste inligtingsbronne van die kontemporêre historikus.¹⁸ Dit is daarom van die allergrootste belang dat die mees ingrypende verkiesing in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat oor ongeveer ses weke sal plaasvind, ook by wyse van mondelinge navorsing ten volle ontleed en vir die nageslag behou sal word. Die probleem is egter dat 'n projek soos hierdie met groot uitgawes gepaard gaan en ontoereikende fondse dikwels sodanige onderneming vooraf kelder.

2.2 Die gebrek aan afstand en perspektief

Daar is diegene wat glo dat die eietydse gebeure so versluier is deur die emosies, vooroordele en simpatieë van die tydgenote dat dit onmoontlik is om tot die kern daarvan deur te dring. Aanvullend hierby word beweer dat die gebeure dikwels nog nie "geschiedsreif" (tydryp) is nie en dat dit op 'n te kort afstand onmoontlik sal wees om die groot historiese ontwikkelingslyne of sosiale kragte te identifiseer, of om te onderskei tussen dit wat belangrik en onbelangrik is. Daar is ongetwyfeld geldigheid in hierdie beswaar en in die bewering dat afstand en tyd ruimer perspektiewe en dieper insig in gebeure bring, omdat die historikus dit in die lig van latere gebeure kan beoordeel.

Wat die nuwe grondwet vir die RSA betref, kan ons op dié tydstip 'n belangrike taak volvoer deur die historiese data byeen te bring, getuienisse te toets en toekomsprojeksies te maak; oor 20 jaar verder sal die sukses of mislukking van hierdie grondwet na alle waarskynlikheid ten volle of baie beter gepeil kan word. Tyd bring dus perspektief. Die eietydse historikus sal daarom moet aanvaar dat die beeld wat hy skep altyd onvoltooid en oop vir aanvulling sal wees. Dit geld egter nie net vir die eietydse historikus nie; geen historikus kan daarop aanspraak maak dat sy beeld van 'n gebeurtenis volledig en finaal is nie.¹⁹

Die gebrek aan afstand en perspektief hou egter ook vir die eietydse historikus voordele in. Wanneer hy gebeure van binne-uit en persoonlik beleef het, het hy noodwendig 'n beter begrip en meer insig om dit te vertolk as sy kollegas wat eers dekades later daarvoor navorsing doen. Hy kan dit inderdaad eerstehands beleef en verstaan,²⁰ al sou daar dan 'n gebrek aan tydsafstand of bronne wees wat die oordeelsvorming beperk.

Die probleem van afstand en perspektief moet nie die eietydse historikus daarvan weerhou om kontemporêre navorsing te doen nie. Dit is noodsaaklik dat hierdie tipe geskiedenis beoefen moet word. Belangrike inligting kan vir die nageslag behoue bly, terwyl helder perspektiewe van die leefwêreld van die historikus en sy respondente na vore gebring kan word. In die proses

18 A. Bullock, "Is it possible to write contemporary history?", in M. Beloff, ed., **On the track of tyranny** (London, 1960), pp. 69-70.

19 Giliomee in **Standpunte**, 22(3), p. 46; Van Jaarsveld in **Standpunte**, 19(3), p. 6; Connell-Smith en Lloyd, pp. 64-5; Van Schoor in **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal**, 1(1), pp. 77-8.

20 Van Jaarsveld in **Standpunte**, 19(3), p. 6; Broodryk in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 15(3), p. 97.

kan ook 'n bres vir die belangstelling in 'n vak soos Geskiedenis geslaan word, aangesien dit wat resent en aktueel is dikwels meer belangwekkend is.

2.3 Die gebrek aan objektiwiteit

Hand aan hand met die beswaar van afstand en perspektief is dié van objektiwiteit. Hiervolgens beskik die historikus nie oor die nodige onbevangenheid om gebalanseerd oor eietydse gebeurtenisse te oordeel nie. Sy persoonlike en groep-subjektiwiteit, sowel as die gees van die tyd waarin hy lewe, veroorsaak dat hy te intiem betrokke is by die gebeure van sy eie tyd. Dikwels bestudeer hy juis 'n aspek van eietydse geskiedenis omdat hy baie sterk daarvoor voel, gevolglik moet dit partydigheid in die hand werk.

Die gebrek aan objektiwiteit is egter nie net 'n probleem eie aan die kontemporêre geskiedenis nie; alle historici maak hulle skuldig aan 'n mate van subjektiwiteit. Historici is dit hieroor eens, 'n besef wat die posisie van eietydse geskiedenis gelegitimeer het. Tog moet erken word dat die eietydse historikus met sy sosiale subjektiwiteit, sy gebondenheid aan sy party, kerk en volk, meer feilbaar sal wees.²¹ By die skryf van eietydse artikels en boekpublikasies strewe instansies soos INEG doelbewus na objektiwiteit, dog besef maar te goed dat onderliggende subjektiwiteit, bewustelik of onbewustelik, altyd aanwesig is. Van Jaarsveld sê hieroor tereg: "Wel is dit waar dat ons verbondenheid met die ideale en strewinge van ons groep ons kortwiek, maar dit is nie onoorkomelik nie; ons kan bewus word van ten minste enkele van ons vooroordele en dus met oop kaarte speel as ons die tydenootlike geskiedenis beoefen."²²

Wanneer die eietydse historikus dus bewus is van sy verbondenhede en beperkinge sal hy beter in staat wees om hulle uit te skakel, en waar dit die hede raak en hy sy tyd en homself ken, kan dit miskien makliker geskied as by sy bemoeiing met 'n veraf verlede.

Tog bly dit steeds geen maklike taak nie. Radikaal verskillende interpretasies oor historiese figure soos Verwoerd, P.W. Botha en Mandela, en gebeure soos Sharpeville, Republiekwording en die begrafnis en dood van Chris Hani, laat die indruk dat die historikus dwarsdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar veral by die eietydse geskiedenis, voor kontroversiële onderwerpe te staan sal kom, waar daar gestry sal moet word om bewuste vooroordele en simpatieë te onderdruk, terwyl hierdie onderbewuste vooroordele en simpatieë onwillekeuring in sy werk neerslag sal vind.

3.4 Leemtes in die opleiding van die historikus

Die aard van die bronnemateriaal van die eietydse historikus is reeds uitgewys. Dit is van kardinale belang dat studente ook opleiding kry in resente tegnieke wat verband hou met

21 Broodryk, in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 15(3), pp. 87-8.

22 Van Jaarsveld in *Standpunte*, 19(3), p. 8.

kontemporêre geskiedenis. Moderne vind- en stoommiddels, soos die rekenaar, moet noukeurige aandag geniet, terwyl mikrofilms en mikrofoto met gemak hanteer moet word. Intensiewe opleiding in die tegnieke van onderhoudvoering is reeds uitgelig, terwyl daar ook gewys is op die slaggate wat mag voorkom. Hierbenewens sal opleiding in die toepassing van kwantitatiewe metodes, soos dié wat die ander sosiale wetenskappe gebruik, ook aandag moet geniet. Opleidingsentra, en ook die UOVS en INEG, sal opnuut moet besin oor die opleiding van geskiedenisstudente.²³

3.5 Die moontlikheid van verleentheid

Die eietydse historikus werk dikwels oor lewende persone en partye wie se rolle in die geskiedenis belangrik en geëvalueer moet word. Daar is vroeër reeds daarna verwys dat by die vel van oordele en selfs by beskrywende geskiedenis, beweringe gemaak kan word wat deur die betrokke tydgenote verwerp kan word. Dit gaan vir die eietydse historikus nie net om die akademies-verantwoordbare weergawe van die geskiedenis nie; daar moet ook teenoor die lewende samelewing verantwoording gedoen word oor sy weergawe van die meer onmiddellike verlede. Dit kan noodwendig tot onaangenaamheid, vergelding en selfs lasteraksies lei, en vir die betrokke persone 'n verleentheid wees.

Vrees vir sodanige reperkussies werk uiteraard inhiberend in op die kontemporêre historikus en lei soms daartoe dat eietydse onderwerpe liefers vermy word. Dit is onnodig. Solank die historikus sy taak op 'n wetenskaplike en verantwoordelike wyse uitvoer, behoort dié vrees hom nie van die beoefening van hierdie dissipline te weerhou nie.²⁴ Dit is egter onteenseglik waar dat die eietydse historikus baie versigtiger is as die tradisionele historikus om sensitiewe uitsprake te maak of om altyd die volle verhaal te vertel. Meer nog: "... political controversies of the period may still be smouldering while the historian is at work and may inevitably affect judgement in the consequent treatment".²⁵ Vrees soos hierdie kan die eindproduk en analitiese vereistes van 'n eietydse historiese onderwerp ernstig benadeel.

Daar is gepoog om enkele belangrike knelpunte van eietydse historiese navorsing uit te lig. Weens die tydsbeperking moes aspekte soos die volgende agterweë bly:

- gebrekkige fondse;
- beperkte tyd;
- onvoldoende/swak opgeleide personeel;
- gebrekkige leeskamergeriewe;
- verskillende kriteria vir die gebruik van dokumente;
- uiteenlopende vereistes vir die maak van klank- en video-opnames, ensovoorts.

23 D. Thompson, "The writing of contemporary history" in *Journal of Contemporary History*, 2(1), pp. 27-8; E.D. Ives, *The tape-recorded interview: a manual for field workers in folklore and oral history* (Knoxville, 1980), pp. 33-85.

24 Broodryk in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 19(3), p. 100.

25 Dutt, p. 19.

4. DIE WAARDE VAN EIETDSE GESKIEDENIS

In die wetenskaplike bestudering en beoefening van die eietydse geskiedenis lê die moontlikheid opgesluit dat meer en doeltreffende brûe tussen die historikus en die gewone leser geslaan kan word. Die gewone man sal uiteraard veel meer belangstel in gebeure wat hy meeleeft of waarby hy op een of ander wyse betrek is. Elke denkende mens is 'n besinner oor eietydse gebeurtenisse. Hy beleef dus in sy gees en denke voortdurend in 'n mindere of meerdere mate een of ander eietydse ervaring, en beoefen dus in sy gees of gesprekke 'n soort ongeskrewe eietydse geskiedenis. Hierop sou die historikus met sy meer wetenskaplike besinning geredelik 'n beroep kon maak.²⁶

In Suid-Afrika met sy vloedgolf van ingrypende historiese gebeure sedert 1946 kan die waarde van die bestudering van eietydse geskiedenis nooit oorbeklemtoon word nie. Die meer resente tydperk, die afgelope vyf jaar, is selfs in 'n meerdere mate van kardinale belang, en sal die tema van talle proefskrifte, verhandelings, boeke en artikels vorm. Deur hierdie geskiedenis nou veral op band vas te lê kan baanbrekerswerk verrig word om as basis te dien vir verdere studies oor die tydperk 1988 tot 1994, en daar kan langs dié weg verseker word dat inligting van sleutelfigure nie vervaag of mettertyd eenvoudig in die vergetelheid raak nie. Met die moderne tegnieke tot ons beskikking is ons tans in die posisie dat ons, gedagtig aan die belangrikheid van resente gebeure, die opteken en byhou van eietydse geskiedenis sorgvuldig kan beplan.

4.1 Die bevrediging van 'n bepaalde behoefte

Daar is reeds daarop gewys dat die mens in sy gees en gesprekke 'n vorm van ongeskrewe eietydse geskiedenis beoefen. Die mens stel ook baie meer belang in sy meer onmiddellike verlede, sy leef- en ervaringswêreld wat hom direk raak as in die gebeure van die verre verlede. Die verkope en ongekende belangstelling in Suid-Afrikaanse publikasies soos **Broedertwis** en **P.W. Botha: The last betrayal**²⁷ bevestig dat die publiek graag meer te wete wil kom oor die gebeure en tendense van hul eie tyd, die waaroms en waarheens, veral met die oog op toekomsprojeksies.²⁸ Dit is die eietydse historikus se taak om hierdie behoefte te bevredig. Indien hy in gebreke sou bly om dit te doen, sal die joernalis, die propagandis, die apologete en sensasieskrywer hierdie taak oorneem. Veral politici en joernaliste is soms van die grootste mitemakers wat gewigtige historiese uitsprake teenoor 'n liggelowige publiek maak. Die vermitologisering van die geskiedenis werk nie ware kennis in die hand nie en daar moet teen insulêre denke met 'n tonnelvisie op die werklikheid gewaak word.²⁹

26 Van Schoor in **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal**, 1(1), p. 95.

27 Alf Ries en Ebbe Dommissie, **Broedertwis. Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party** (Kaapstad, 1982); Eschel Rhoadie, **P.W. Botha. The last betrayal** (Mellville, 1989).

28 Thompson in **Journal for Contemporary History**, 2(1), p. 30; Broodryk in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 15(3), p. 101.

29 N. Combrink en A. Wessels, "Geskiedenis leermeester van die lewe", in **Die Volksblad**, 12 Maart 1991.

4.2 Aktualiteit

Die rede waarom eietydse geskiedenis gedurende die laaste twee dekades in Suid-Afrika soveel sterker op die voorgrond getree het, is emersyds geleë in historici se toenemende aandrag op die bestudering daarvan en andersyds weens die aktualiteit en gevolglike hoër belangstellingsfrekwensie in hierdie tipe geskiedenis waarin die rol van 'n instansie soos INEG geensins genegeer kan word nie.³⁰ Die aktualiteit van resente gebeure maak dringende aanspraak op die bestudering daarvan. Daar is reeds beklemtoon dat die belangstelling in eietydse gebeure en ook die bestudering van eietydse geskiedenis besig is om toe te neem, ook aan ons eie universiteit. Hierdie tendens was reeds twee dekades gelede waarneembaar toe Van Schoor daarop gewys het dat die belangstelling destyds daaraan toe te skryf was dat "... die geskiedenis van die afgelope paar dekades so snel, dramaties, kleurvol en terselfdertyd met tragedie en patos gevul is". As dit destyds waar was, hoeveel te meer is dit nie vandag waar nie?³¹

4.3 Relevansie

Eietydse geskiedenis is deel van die leefwêreld van die mens; daarom is dit so relevant en van onmiddellike betekenis vir die student en vir die gemeenskap. Die bestudering van die eietydse geskiedenis help ons inderdaad om die hede te begryp en die onmiddellike probleme op te los. Deur die hede te verstaan, word die verlede ook meer begryplik gemaak.³² Meer nog: die studie van veral die resente geskiedenis is nie gemoed met die bevordering van verstarde tradisionalisme nie, maar bring groter begrip vir die dinamiek van verandering. Dit is trouens van kardinale belang in die oriëntering van die individu in 'n voortdurend veranderende tegnologiese, sosiale en politieke hede.

4.4 Die geskiktheid daarvan om die doelstellings van die vak te verwesenlik

Deeglike bestudering van die eietydse geskiedenis sal onteenseglik 'n groot bydrae tot die historiese wetenskap lewer. Daar is reeds beklemtoon dat die eietydse geskiedenis, soos trouens alle vorme van geskiedskrywing, geen "ultimate history" is nie. Die argument dat "their work will be superseded again and again" en dat geskiedenis weliswaar 'n argument sonder einde is, geld selfs in 'n meerdere mate vir die werk van die kontemporêre historikus.³³

30 Van Schoor in **Rondom die eietydse geskiedenis**, p. 67; F.A. van Jaarsveld, "Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis" in **Historia**, 34(2).

31 P.B. van der Watt, **Gedagtes rondom kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysing na die Ned. Geref. Kerk** (Pretoria, 1975), p. 11; Rémond in Watt, p. 75; Van Schoor in **Rondom die eietydse geskiedenis**; Broodryk in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 15(3), p. 102.

32 Ritter in **History and theory**, 1(3), p. 264; Dutt, p. 19; Giliomee in **Standpunte**, 22(3), p. 12; E.G. Reichmann, "The study of contemporary history as a political and moral duty" in Beloff, p. 194.

33 Giliomee in **Standpunte**, 22(3), p. 48.

Die breë doelstellings van Geskiedenis is onder meer die opdoen van tersaaklike kennis; die aanleer van konsepte; die ontwikkeling van toepaslike vaardighede en die nodige gesindhede of houdinge. Vanweë die belangstelling daarin en die aktualiteit en relevansie daarvan, leen die inhoudelike van eietydse geskiedenis hom uitstekend tot die bereiking van die doelstellings van die vak.³⁴ Meer nog: dieselfde standaarde, miskien moeiliker standaarde, sal vir die eietydse historikus se werk gestel word as vir enige ander vorm van geskiedskrywing.

5. INEG SE PLEK IN DIE OPTEKEN VAN EIETYDSE GESKIEDENIS

Een van die voorste historici in die RSA, prof. Floors van Jaarsveld, het ongeveer 30 jaar gelede 'n ernstige pleidooi vir die bestudering van die eietydse geskiedenis gelewer en gevra of die tyd nie aangebreek het om 'n instituut op te rig vir die bestudering van dié tipe geskiedenis nie. So 'n instituut moes, volgens Van Jaarsveld, 'n personeel hê wat daaglik knipsels uit koerante onder verskillende onderwerpe orden, asook amptelike publikasies, tydskrifartikels en verwante inligting sistematiseer en katalogiseer met die oog op gebruik deur die historici. Hierbenewens moes lêers vir onder meer ekonomiese, sosiale, politieke, kulturele, geestelike, kerklike, buitelandse en ander sake gebruik word om bykans alle velde van mense se lewensverbande te dek. Dan volg sy versugting: Wat sou dit nie vir die bestudering van die eietydse geskiedenis beteken het as sodanige instituut byvoorbeeld al sedert 1939 ingestel is nie?³⁵

Dit is insiggewend dat die Instituut vir Eietydse Geskiedenis vier jaar later, in 1970, tot stand gekom het toe die Politieke Argief wat in 1964 ingestel is, omskep is in 'n instituut met drie interafhanklike afdelings: die Navorsingsafdeling, die Dokumentasie-afdeling en 'n Nasionale Knipseldiens. Die stigting van hierdie instituut was betekenisvol: dit is die enigste instituut in Suid-Afrika wat hom eksklusief met die eietydse geskiedenis besig hou en die enigste soortgelyke instituut in Afrika. Dit is dus geen wonder dat navorsing oor eietydse onderwerpe hoofsaaklik by twee universiteite, die UOVS (28,4 % van die studies) en die RAU (19,3 %) plaasvind nie. Die besondere spesialisering van die UOVS in hierdie veld kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die uitstekende infrastruktuur wat INEG oor meer as twee dekades opgebou het en aan hierdie universiteit bied. Die belangstelling in die bestudering van die eietydse geskiedenis het inderdaad van 0,9 % in die twintigerjare tot ongeveer 70 % in die tagtigerjare gegroei.³⁶ Hierin het INEG, en dus ook die UOVS, 'n deurslaggewende rol gespeel. Ek glo dat INEG in die toekoms in 'n toenemende mate hierdie funksie sal vervul en dat die rol van eietydse swart politici by die Instituut by wyse van dokumentasie en klankopnames sterk in die kollig geplaas sal word.

³⁴ Broodryk in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 15(3), p. 104.

³⁵ Van Jaarsveld in *Standpunte*, 19(3), pp. 14-5.

³⁶ Broodryk in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 15(3), pp. 110-1.

Geen eietydse Suid-Afrikaanse historiese onderwerp kan tans sonder 'n navorsingsbesoek aan INEG aangepak word nie. Duisende buitelandse en Suid-Afrikaanse navorsers in die eietydse geskiedenis het reeds sedert 1970 die Instituut besoek. Die belangrikheid van INEG as bronneseentrum en as sentrum vir voortrefflike navorsing is onderskryf toe die Navorsingsafdeling verlede jaar genader is om die geskiedenis vir die onderhandelinge vir 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika by wyse van veral mondelinge navorsing na te speur. Hierdie data sal in INEG se klankargief tot die beskikking van toekomstige bona fide-navorsers gestel word. Die waarde hiervan spreek vanself.

Benewens die klankargief beskik die Dokumentasie-afdeling oor meer as 870 dokumenteversamelings van partye, politici, sakelui en kultuurleiers, 'n fototeek, koerantversamelings, pamflette, regeringspublikasies en ander belangrike eietydse data. Hierdie databank het op die terrein van die kontemporêre geskiedenis nie sy gelyke in Afrika nie en stimuleer ongetwyfeld navorsing in eietydse geskiedenis.

Oor die jare is INEG se Nasionale Knipseldiens uitgebou tot 'n omvattende gerekenariseerde knipselstelsel, bestaande uit meer as 60 koerante en tydskrifte wat volgens 'n reeks van 22 onderwerpe geïndekseer word. Hierdie gespesialiseerde en moderne stelsel, waarvoor selfs buitelandse akademiërs besondere lof het, is nie slegs uniek in die RSA nie, maar is 'n onontbeerlike hulpmiddel vir die navorser in die eietydse geskiedenis.

Die Instituut se Navorsingsafdeling hou hom sedert 1970 besig met die interpretasie, ordening en disseminasie van eietydse historiese kennis by wyse van wetenskaplike en populêre-wetenskaplike publikasies. Nie minder nie as 28 boekpublikasies en ongeveer 100 tydskrifartikels, asook 35 uitgawes van die geakkrediteerde vaktydskrif, die **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, het reeds in Suid-Afrika en oorsee verskyn en is 'n vertoonvenster vir die akademiese werksaamhede van hierdie Instituut.

INEG kan in veral die navorsingsopleiding van eietydse historici, politieke wetenskaplikes en kontemporêre sosio-ekonomie 'n belangrike rol speel. Dié soort opleiding kan met groot vrug by INEG gesentraliseer word, sodat navorsers en studente in bogenoemde dissiplines opleiding kan ontvang in daardie tegnieke wat hulle in die praktyk gaan nodig kry. Omdat eietydse geskiedenis ook 'n baie sterk politiek-wetenskaplike en sosio-ekonomiese verband het, kan 'n opleidingsproses oor 'n baie breë terrein hier hand aan hand geskied.

Hoewel daar reeds in 'n toenemende mate met swart en bruin gemeenskappe in Suid-Afrika geskakel word en die Instituut se dienspunte deur talle instansies en bona fide-navorsers benut word, sal INEG voortaan in 'n baie sterk mate daarop ingestel wees om sy dokumentasie verder uit te brei, sy nasionale knipseldiens nog wyer te bemark en om aktuele navorsing oor alle verwante fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing te doen.

In 'n tyd van resessie en ekonomiese nood is dit van kardinale belang dat die werksaamhede van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis nie net in sy Suid-Afrikaanse konteks nie, maar veral ook in sy Afrika- en internasionale konteks, na waarde geskat word en dat sy funksies uitgebou en nie afgeskaal word nie. In 'n tyd waarin resente en ingrypende gebeure daaglik aan die orde van die dag is, kan INEG en die UOVS 'n sleutelrol speel in die byeenbring en beskikbaarstelling van eietydse historiese inligting in ons subkontinent. Befondsing en 'n eng gesigsveld oor die akademiese taak en roeping van hierdie eiesoortige navorsingsinstansie in die RSA mag in dié opsig geen struikelblok wees nie.

Ten slotte: Waar Suid-Afrika op die drumpel van 'n belangrike en nuwe fase in sy geskiedenis staan en daar onherroeplik met apartheid gebreek is, is dit van die aller grootste belang dat die gewone man sal begryp waarom 'n bepaalde politieke ideologie en beleid oor dekades toegepas is, waarom met die verloop van tyd 'n ander koers ingeslaan is, wat die samehang tussen gebeure in die land en in ander wêrelddele is en watter gevolge dit vir die toekoms inhou. In dié opsig sal die eietydse historikus en INEG 'n sleutelrol speel.

BEDANKINGS

- Aan die Raad van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat my hartlike dank vir talle geleenthede, ook vir hierdie bevordering. Dis 'n voorreg om op juis hierdie kampus te werk en u affiniteit vir dié Universiteit te deel.
- My opregte dank en waardering aan my kollegas by INEG, die Departement Geskiedenis en die Departement Politieke Wetenskap met wie ek nou en baie hartlik saamgewerk het oor die afgelope 20 jaar. Ek glo dat ek baie bevoorreg is, ook omdat my stokperdjie my werk geword het.
- Aan my familie 'n baie spesiale woord van dank, in die besonder aan Alta, Hanno en Marli vir liefde, geduld en intense betrokkenheid oor baie jare. U sal my verskoon as ek met baie groot deernis dank betuig aan my ontslape vader vir sy besondere besieling en voorbeeld. Aan my moeder en skoonouers 'n woord van spesiale dank vir u voortdurende belangstelling. Ook aan my ander familie en my vriende - dit is 'n voorreg om julle vanaand hier te hê.
- Aan die Gewer van alle goeie gawes my grootste dank vir die voorreg om diensbaar te kan wees. Aan Hom al die lof en eer.
- Ten slotte wil ek u een en almal bedank dat u hier is, asook vir u geduld. Wees verseker dat ek dit werklik waardeer.

BRONNELYS

1. AMPTELIKE PUBLIKASIES

- Republiek van Suid-Afrika. **Hulpbronne vir navorsing en ontwikkeling. Resultate van opnameprogram no. 11.** Tak Wetenskapsbeplanning van die Eerste Minister, Pretoria, Junie 1981.
- Republiek van Suid-Afrika. **Staatskoerant RSA 1979**, no. 166.

2. SEKONDÊRE BRONNE

- Barraclough, G.: **An introduction to contemporary history** (New York, 1964).
- Barraclough, G.: **An introduction to contemporary history** (London, 1967).
- Beloff, M., editor: **On the track of tyranny** (London, 1960).
- Carr, E.H.: **What is history?** (London, 1961).
- Connell-Smith, G. and Lloyd, H.A.: **The relevance of history** (London, 1962).
- Dutt, R.P.: **Problems of contemporary history** (London, 1963).
- Ives, E.D.: **The tape-recorded interview; a manual for field workers in folklore and oral history** (Knoxville, 1980).
- Meyerhoff, H., editor: **The philosophy of history in our time** (New York, 1959).
- Neame, L.E.: **General Hertzog** (London, 1930).
- Odendal, F.F.: redakteur, **HAT** (Perskor, 1982).
- Rhoodie, Eschel: **P.W. Botha. The last betrayal** (Mellville, 1989).
- Ries, A. en Dommissie, E.: **Broedertwis. Die verhaal van die 1982-skeuring in die Nasionale Party** (Kaapstad, 1982).
- Scheurig, B.: **Einführung in die Zeitgeschichte** (Berlyn, 1962).
- Sturley, D.M.: **The study of history** (London 1969).
- Tosh, J.: **The pursuit of history, Aims, methods and new directions in the study of modern history** (London, 1984).
- Van der Watt, P.B.: **Gedagtes rondom kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk** (Pretoria, 1975).
- Van Jaarsveld, F.A. en Rademeyer, J.I.: **Teorie en metodiek van die geskiedenisonderrig** (Johannesburg, 1973).
- Watt, D.B.: **Contemporary history in Europe** (London, 1969).

3. ARTIKELS

- Broodryk, M., "Die stand van eietydse geskiedenis in die RSA", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 15(3), Desember 1990.
- Combrink, N. en Wessels, A., "Geskiedenis leermeester van die lewe", **Die Volksblad**, 12 Maart 1991.
- Geysler, O., "Die huidige stand van die historiografie van die eietydse geskiedenis in Brittanje, Duitsland, Italië en Holland," **Rondom die eietydse geskiedenis**, Bloemfontein, 1971.
- Giliomee, H.B., "Onoorkomelike besware teen kontemporêre geskiedenis", **Standpunte**, 22(3), Februarie 1969.
- Ribuffo, L.P., "The burdens of contemporary history", **Journal of Contemporary History**, 2(1).
- Van Jaarsveld, F.A., "Eietydse geskiedenis", **Standpunte**, 19(3), Februarie 1966.
- Van Jaarsveld, F.A., "Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis", **Historia**, 34(2).
- Van Schoor, M.C.E., "'n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis", **Rondom die eietydse geskiedenis**, Bloemfontein, 1971.
- Van Schoor, M.C.E., "'n Pleidooi vir kontemporêre geskiedenis", **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal**, 1(1), November 1969.
- Woodward, L., "The study of contemporary history", **Journal of Contemporary History**, 1(1), 1966.

4. REFERATE

- Barnard, S.L., "Probleme rondom Suid-Afrikaanse politieke geskiedskrywing - 'n teoretiese en praktiese ontleding." Referaat nasionale konferensie Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Randse Afrikaanse Universiteit, 17-19 Januarie 1983.